


Leef Anders:

Die Here vra dat ons Hom moet liefhê met alles in ons.  Hy vra ook dat ons mekaar moet liefhê. Om lief te hê is ook deel van ons identiteit, dit moet ‘n daaglikse besluit wees. Die woorde wat jou identiteit in liefde bepaal is die woorde: “Ek het jou lief!”

Ruimsig Gemeente is besig met die reeks iDENTITEIT. In die reeks sit ons ook die fokus op verhoudings

Ons wil jou graag “challenge” om tyd te maak met die een wat jy lief het.

# Het jy ‘n ID-ee hoe lief ek jou het?

2






Leef Anders:

## Wat om te doen?

1. Kies 'n datum vir 'n date night tussen 14 tot 27 Februarie.
2. Stuur 'n boodskap vir jou maat of los 'n briefie lanks die bed:

   *Het jy 'n ID-ee hoe lief ek jou het?*
   *Ons date night Donderdag om 21:00 in die tuin/sitkamer/stoep!*
   (na die kinders in die bed is of wanneer die kinders nie tuis is nie)

3. Kies 'n opsie of wees kreatief:

   **Koffie date**
   Maak jou gunsteling nagereg of koop lekkernye.
   Kies 'n plek in die tuin of in die huis.
   Gooi 'n kombers en 'n kussing uit of skuif gemaklike stoele iewers.
   Pak op 'n stewige skinkbord:
   - Koekies of lekkernye.
   - Maak 'n fles met koffie.
   - Pak die eetgoed uit in 'n glasbakkie.
   - Sit kerse in 'n houer.

   **Aandete vir twee**
   Besluit op 'n menu (take-away of doen dit self)
   Kies 'n plek in die tuin of in die huis.
   Gooi 'n kombers uit of dek 'n tafel. Onthou die drinkgoed.

4. Save of print die date night instuksies.

# Het jy 'n ID-ee hoe lief ek jou het?






Leef Anders:

**Date-night instruksies – lees hierdie saam:**

Die tema is Identiteit:  "Het jy 'n ID-ee hoe lief ek jou het?
Dit is spesiaal dat julle moeite maak om tyd saam te spandeer. Geniet julle saam wees en kuier!

1. Sê vir jou maat welkom! 'n Soen is vanpas!
2. Neem 'n selfie van julle twee saam, ons wil julle tafel (spasie) ook sien.
3. Stuur julle name en foto na 0820563553 met: "#date-night challange".
4. Dagboek asb Sondag 28 Februarie om 20:30.  Al die paartjies gaan saam Zoom (30min), Ons stuur vir jou die ZOOM-link.
5. Steek aan die kerse. Sit AF JOU TEGNOLOGIE!
6. Tydens die kuier, gesels saam en antwoord die vrae.

# Het jy 'n ID-ee hoe lief ek jou het?

4



Leef Anders:

**Ons gesels saam !**

1. Noem twee eienskappe wat jy waardeer van jou maat.

2. In watter opsig het julle mekaar sien verander van na julle troudag of van julle eerste ontmoeting af.

3. Wanneer julle aan die hoogtepunte van julle verhouding dink, watter oomblike was die beste, dink aan ten minste 3 voorbeelde.

4. Wat sal jy wil hê moet ons saam doen wat ons nog nie het nie?

5. My gunsteling iets waarmee jy my bederf is?

# Het jy ‘n ID-ee hoe lief ek jou het?